



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2012**

**VRYSTAAT**

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A | Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C | Taal | VRAAG 3–6 | (60) |
| AFDELING D | Letterkunde | VRAAG 7–10 | (20) |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: KOERANTBERIG**

Lees die berig hieronder en beantwoord die vrae.

# "Wit gogo" (88) bly lekker in township



Dorothy Shephard en haar nuwe familie

1. 'n Huishulp, Nomahlubi Mqwebedu, van New Brighton het so jammer gevoel vir haar werkgewer, Dorothy Shephard, dat sy vir haar blyplek gegee het. Vir Dorothy is die klein HOP-huisie waar sy nou saam met haar nuwe "familie" woon, hemel op aarde. Hierdie huisie is in die middel van New Brighton, 'n *township* wat bekend is vir misdaad.

2. Vroeër vanjaar het Dorothy se gesondheid so verswak dat sy met alles gehelp moes word. Sy kon nie eers meer self loop of haar was nie. 'n Neef, saam met wie sy in Sidwell 'n huis gedeel het, wou haar in 'n ouetehuis sit.

3. Dorothy het gesê: "Ek kry koue rillings as ek dink ek moet alleen in 'n ouetehuis gaan sit. Daar is 'n klomp siek mense wat ek glad nie ken nie."

4. Nomahlubi Mqwebedu (59), Dorothy se getroue huishulp, het toe nie geweet wat om te doen om te help nie. Dorothy en Nomahlubi het deur die jare soos susters vir mekaar geword. Nomahlubi was jammer vir Dorothy. Sy het gesê: "Dorothy het dag en nag gehuil. Sy was bang om ouetehuis toe te gaan. Ek het begin planne maak om haar te help. In Maart vanjaar het ek haar genooi om by my in New Brighton te kom bly."

5. Daar was soveel negatiewe stories oor die misdaad in New Brighton dat Dorothy eers bang was om daarnatoe te gaan. Maar al haar vrees het sommer gou in die klein HOP-huisie in New Brighton verdwyn.

6. "Ek word soos 'n koningin versorg. Hier is 'n haan wat my elke môre wakker kraai en laat dink aan my kinderdae op die plaas. Hier hardloop kindertjies met blink gesiggies in en uit. Hier is ook altyd ander oumense wat inkom vir tee en gesels," het Dorothy gister opgewonde gesê met 'n bakkie krummelpap en suurmelk op haar skoot.

7. Dorothy sê die bure was eers verbaas oor die wit gogo wat langs hulle ingetrek het. Hulle het haar gou laat welkom voel. Hulle besoek haar gereeld. Sy voel veilig by haar nuwe "familie".

8. Vir Dorothy se verjaarsdag op 18 April, het Nomahlubi koek, lekkers en koeldrank gekoop en álmal genooi. Volgens Dorothy was dit die beste partytjie van haar lewe.

[Verwerk uit: *Die Burger,* 6 Mei 2011]

gogo – ouma, ouer vrou (uit Zoeloe, ugogo)

1.1 Hoe oud is Dorothy? (1)

1.2 Waar is Nomahlubi se HOP-huis? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Wat bedoel Dorothy met die vetgedrukte woorde in die volgende sin?
Dorothy sê dis "**hemel op aarde**" in die HOP-huisie waar sy bly. (Paragraaf 1)

Die vetgedrukte woorde beteken dit is baie ...

A besig.
B gevaarlik.
C lekker.
D raserig. (1)

1.4 In watter woonbuurt het Dorothy en haar neef gebly? (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

Wat bedoel Dorothy met die vetgedrukte woorde in die volgende sin?
"Ek kry **koue rillings** as ek dink ek moet alleen in 'n ouetehuis gaan sit."

Die vetgedrukte woorde beteken sy ...

A is baie bang.
B kry baie koud.
C voel baie grillerig.
D is baie bly. (1)

1.6 Lees paragraaf 4 en dan paragraaf 6. Voltooi die volgende sin oor hoe Dorothy se gevoelens verander het.

In paragraaf 4 lees ons dat Dorothy die heeltyd (1.6.1) ... het. Maar in paragraaf 6 is sy (1.6.2) ... (2)

1.7 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Dorothy se opinie oor New Brighton het verander omdat ...

A die bure nie meer verbaas is oor die wit gogo langs hulle nie.
B daar nie meer negatiewe stories oor New Brighton was nie.
C almal in New Brighton haar welkom laat voel het.
D sy net te bly was om nie ouetehuis toe te gaan nie. (1)

1.8 Daar kom ander mense van Dorothy se ouderdom om by haar tee te drink.

1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.8.1 deur ŉ sin aan te haal. (1)

1.9 Voltooi die volgende sinne. Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer. Kies jou antwoord uit die woorde in die raampie hieronder.

| bang; tuis; gewoond; verbaas |
|---|

Dit gaan goed met Dorothy in New Brighton. Sy voel daar (1.9.1) ... Die bure is nou (1.9.2) ... aan haar. (2)

1.10 Wat maak Dorothy elke oggend wakker? (1)

1.11 Wanneer is die onderhoud, volgens die artikel (paragraaf 6), met Dorothy gevoer?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

A 3 Mei 2011
B 4 Mei 2011
C 5 Mei 2011
D 6 Mei 2011 (1)

1.12 Waarom kan ons sê dat Dorothy tevrede is met eenvoudige kos? (2)

1.13 Hoe noem Dorothy se nuwe bure haar? (1)


1.14 Watter les kan Dorothy se neef by Nomahlubi leer? (1)

1.15 Watter insident van die koerantberig laat jou:

1.15.1 Hartseer voel (1)
1.15.2 Gelukkig voel (1)

## TEKS B: WEERBERIG

Lees die weerberig hieronder en beantwoord die vrae.




| | |
|---|---|
| S | son |
| Gb | gedeeltelik bewolk |
| B | bewolk |
| Lr | ligte reën |
| D | donderbuie |
| R | reën |
| M | mis |
| Sn | sneeu |

| Die week se weer | Vandag landwyd | Reën |
|---|---|---|
| (Johannesburg)<br><br>Môre: 09/23. Warm en gedeeltelik bewolk.<br><br>Oormôre: 11/26. Warm en sonnig.<br><br>Sondag: 13/29. Warm en sonnig. | Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga, Noordwes, Noord-Kaap, Wes-Kaap: Matig en gedeeltelik bewolk.<br><br>Oos-Kaap, KZN, Limpopo: Matig met reën. | MPUMALANGA: Vaalhoek 4 mm<br>NOORDWES: Klerksdorp 5 mm<br>VRYSTAAT: Bethlehem 4 mm<br>NOORD-KAAP: Koinghaas 12 mm<br>WES-KAAP: Jonkershoek 38 mm<br>LIMPOPO: Tzaneen 31 mm<br>KZN: Van Reenen 10 mm<br>OOS-KAAP: Barkly-Oos 2 mm |

[Uit: *Beeld*, Donderdag 20 Oktober 2011]

1.16 Watter dorp in die Vrystaat se minimum temperatuur gaan die laagste wees? (1)

1.17 <u>Durban 18/23 S</u>

1.17.1 Waarvoor staan S? (1)

1.17.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
23° is die (minimum/maksimum) temperatuur by Durban. (1)

1.18 Hoe laat sak die son in Johannesburg op 20 Oktober 2011? (1)

1.19 Vir watter plek in die Oos-Kaap word daar ligte reën voorspel? (1)

1.20 Kyk na "Die week se weer".

Wat sal Johannesburg se minimum temperatuur op Saterdag 22 Oktober 2011 wees? (1)

1.21 Watter tipe weer word vir KZN voorspel in "Vandag landwyd"? (1)

1.22 Watter dorp in die Noord-Kaap het 12 mm reën gekry? (1)

1.23 Watter plek in Namibië lê heelbo links op die kaart? (1)

1.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoe sterk gaan die wind in die omgewing van George waai?

A 10 km/h
B 20 km/h
C 55 km/h
D 40 km/h (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WENKE VIR 'N MOOI VEL

- In die teks is daar 7 wenke vir 'n mooi vel. Som hierdie 7 wenke op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer oorskryf nie (bv. sonskerm, slaap, water, ens.)
- Jou opsomming moet ongeveer 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1–7) opgesom word.
- Skryf die punte onder mekaar neer.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming neer.

## WENKE VIR 'N MOOI VEL

**1. Sonskerm**

Baie mense bring te veel tyd in die son deur. Die son is nie goed vir jou vel nie. As jy in die son moet wees, smeer sonskerm aan.

**2. Slaap**

Jy moet 8 ure per nag slaap. Terwyl jy slaap, word nuwe selle gevorm en die skade aan jou vel word herstel.

**3. Eetgewoontes**

Eet genoeg vrugte en groente vir 'n mooi vel. 'n Goeie dieet van groente en vrugte, laat jou niere en lewer goed werk. Dit hou jou liggaam skoon.

**4. Oefening**

Oefening laat suurstof in jou bloed beweeg en laat nuwe selle groei. Gereelde oefening is dus belangrik vir 'n mooi vel.

**5. Velroom**

Almal het verskillende veltipes. Party mense se vel is droog en ander s'n is olierig. Kies die regte velroom vir jou tipe vel.

**6. Higiëne**

Maak seker dat jy jou vel aan die einde van elke dag skoon maak. Jou liggaam neem suurstof deur die vel op; daarom is dit nodig dat jou vel asemhaal.

**7. Water**

As daar genoeg water in jou sisteem is, spoel dit alle slegte stowwe uit jou liggaam. Om gesond te bly en 'n mooi vel te hê, moet jy dus elke dag 8 glase water drink.

[Verwerk uit: *Leef*, Januarie 2008]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE**

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.




[ Verwerk uit: *Art Explosion*]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die mans dra mooi (hemde, broeke en baadjies). (1)

3.2 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die meisie het 'n (hand + sak). (1)

3.3 Kies die korrekte VOORSETSEL.

Die man kyk (aan/na) die meisie. (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

John maak vanaand (goed) musiek. (1)

3.5 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING vir die woord tussen hakies.

Die mense dink John sing (mooi) as Dozi. (1)

3.6 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

John hou sy mikrofoon vas. Hy staan (met + dit) in sy hand. (1)

3.7 Kies die AFKORTING tussen hakies vir die woord "asseblief".

Almal vra dat John (asb./a.u.b.) weer moet sing. (1)

3.8 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Die gaste sit (stil) en luister. (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord.

Almal (hou om/hou daarvan om) na John te luister. (1)

3.10 Skryf die GETAL in woorde.

John sing al vandat hy (15) jaar oud is. (1)

3.11 Kies die korrekte vorm van die INFINITIEF.

John leer die meisie (om te/te) sing. (1)

3.12 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Hy sing vir haar ŉ mooi (lied). (1)

3.13 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

John en sy (vriend) kuier lekker saam. (1)

3.14 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

John is ŉ bekende (sangeres). (1)

3.15 Gee die korrekte DEELWOORD vir die woord tussen hakies.

John het voor (belangstel) gaste opgetree. (1)

3.16 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Ai!/Ga!/Hoera!), John het die liedjiefees gewen. (1)

3.17 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Die meisie het na die vertoning siek geword, en (haar/sy) is in ŉ hospitaal opgeneem. (1)

3.18 Gee die korrekte SINONIEM (woord wat dieselfde beteken) vir die woord tussen hakies.

John is ŉ baie (gewilde) kunstenaar. (1)

3.19 Gee die korrekte ANTONIEM (woord wat die teenoorgestelde beteken) vir die woord tussen hakies.

John het (onthou) om sy vriendin se gunstelingliedjie te sing. (1)

3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (mense wat na die opvoering luister) klap hande, toe hy klaar gesing het. (1)
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Volksblad,* 19 April 2011]

4.1 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sofia vra vir Hamlet ŉ moeilike vraag.
Begin só: Sofia ... (2)

4.2 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Hamlet lees ŉ dik boek.
Begin só: ŉ Dik boek ... deur Hamlet ... (2)

4.3 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD(E) uit die raampie sodat die onderstreepte deel van die sin, die antwoord is. Skryf die hele sin uit.

| Waar; Waarvan; Wat van |
|---|

Hamlet hou van <u>mooi stories</u>.
Begin só: ... hou Hamlet? (1)

4.4 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Sofia praat oor liefde. Hamlet lees sy boek. (en) (1)

4.5 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hamlet spoel êrens op 'n eiland uit.
Begin só: Hamlet spoel ... (2)

4.6 Rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE. Skryf die hele sin uit.

Hamlet en Sofia stap (na die park toe) (rustig) (elke week). (1)

4.7 Beantwoord die vraag ONTKENNEND. Skryf die hele sin uit.

Is Sofia verlief op Hamlet?
Begin só: Nee, Sofia ... (2)

4.8 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Sofia sê: "Ek wil altyd by Hamlet bly."
Begin só: Sofia ... (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die hele sin uit.

Hamlet (hoef nie/hoef nie om) altyd 'n boek te lees nie. (1)

4.10 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies. Skryf die hele sin uit.

Sofia is kwaad vir Hamlet. Hy verkies sy boek. (omdat) (1)

4.11 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Sofia sê dat sy 'n boek wil hê.
Begin só: Sofia ... (2)

4.12 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Hamlet hou van boeke.
Begin só: Hamlet ... (2)

4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Sofia het vir Hamlet geïgnoreer.
Begin só: Hamlet ... deur Sofia ... (2)

4.14 Skryf die sin oor, begin met die vetgedrukte woorde.

Hamlet en Sofia sit **elke dag** op die boomstomp. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.15 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Hamlet het die dik boek gelees.
Begin só: Hamlet ... (1)

4.16 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Hamlet is lief vir boeke.
Begin só: Hamlet ... (1)

4.17 Watter uitdrukking sal by die laaste raampie pas?

Kies die KORREKTE ANTWOORD.

Hamlet het hom ... geskrik.

A deur die blare
B oor 'n boeg
C verlam
D boeglam (1)

4.18 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Begin só: Sofia is altyd reg ... met Hamlet ... baklei. (1)
**[25]**

**VRAAG 5: REDIGERING**

Jou vriend het ŉ artikel vir julle skoolkoerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

## Water: Hoekom drink ons dit?

Glo jy daaraan om agt glasse water per dag te drink? Is jy ook iemand wat bekommered is oor jou gesondheid en liewer gebottelde water drink? Dan is hierdie artikel vir jy bedoel!

Waarom drink baie mense gebottelde water_

- Ons is nie so seker dat kraanwater is skoon nie.
- Dit is so maklik om ŉ bottels water te koop as jy in ŉ winkel is en jy word dors.
- Gebottelde water smaak lekkerste as kraanwater.
- Omdat ons omgee vir ons gesondheid, drink ons liewers gebottelde water en nie koeldrank.

Het jy geweet:

- Gebottelde water is nie regtig gesonder as kraanwater nie?
- Jy het twentig tot dertig ml water per dag nodig, vir elke kilogram wat jy weeg? As jy dus 60 kgs weeg, moet jy ten minste 1,8 liter water per dag drink.

5.1 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

5.2 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 2. (1)

5.3 Verbeter die voornaamwoordfout in reël 4. (1)

5.4 Skryf die sin in reël 5 oor en vul die leesteken in wat uitgelaat is. (1)

5.5 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 6 oor en verbeter die woordorde. (1)

5.6 Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in reël 7. (1)

5.7 Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in reël 9. (1)


5.8 Skryf die onderstreepte deel in reël 10 oor en vul die ontkenningswoord wat weggelaat is, in. (1)

5.9 Gee die korrekte spelling van die onderstreepte woord in reël 14. (1)

5.10 Skryf die korrekte vorm van die afkorting vir die woord "kilogram" in reël 15. (1)
**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

In die prent is voorbeelde van swak kommunikasie.
Kyk na die prent en beantwoord dan die vrae.




[Verwerk uit: *Sarie 2011*]

Kies die beste antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1 Die vrou het vir die man die verkeerde kleingeld gegee.
Kies die sin wat die kwaai man sal gebruik om haar baie sleg te sê en te laat huil.

A “Ag nee, jy het dan vir my die verkeerde kleingeld gegee.”
B “Kan jy nie jou werk doen nie? Jou dom esel!”
C “My kleingeld is te min.”
D “Dis nie mooi om vir mense die verkeerde kleingeld te gee nie.” (1)

6.2 Die kwaai man se vriend probeer hom kalmeer.
Kies die sin wat die vriend vir die kwaai man sal sê.

A “Moenie so lelik met haar praat nie, kom ons loop eerder.”
B “Sy kan maar huil, sy het moeilikheid gesoek!”
C “Trane gaan niks regmaak nie!”
D “As ek jy is, sal ek vir haar bestuurder gaan sê.” (1)

6.3 Die seun is hartseer en ongelukkig.
Kies die sin wat die pa sal gebruik om hom te troos.

A “Jy gaan later honger word.”
B “Eet jou kos!”
C “Eet ’n koekie, dalk sal jy dan beter voel.”
D “Doen wat ek vir jou sê!” (1)

6.4 Die seun is hartseer en ongelukkig en wil nie ’n koekie eet nie.
Kies die sin wat die seun sal gebruik om dit aan te dui.

A “Waarom los jy my nie uit nie?”
B “Nee, ek wil nie eet nie!”
C “Ek is nie honger nie.”
D “Nee dankie, my hart is te seer om te eet.” (1)

6.5 Die man wil nie met die hond gaan stap nie.
Kies die sin wat die vrou sal gebruik om haar man te beveel om met die hond te gaan stap.

A “Sien jy nie die hond wil gaan stap nie?”
B “Hoekom wil jy nie met die hond gaan stap nie?”
C “Goeie mans stap gereeld met hul honde.”
D “Gaan stap met die hond!” (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**
***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Hierdie afdeling bestaan uit VIER VRAE.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE.*

**OF**

Beantwoord EEN vraag uit OM *LAASTE TE KAN LAG.*

### *KINDERS VAN DIE AARDE* – CHARLES FRYER

### VRAAG 7: MY BROER SE KRAAI – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die kraai het groter geword en sy vere minder.
> Een dag toe ons by die hok kom, het die kraai se een vlerk gebloei; hy het dit waarskynlik teen die hokdraad stukkend geskaaf.
> Los die kraai, het ons almal gesê, maar my broer wou nie luister nie. Hy het geheg geraak aan die kwaai kraai. Dit was syne. Hy het elke dag by die hok gesit en met die kraai gepraat, met hom probeer maats maak, die kraai gepaai.

7.1 Waaraan kon die verteller sien dat die kraai nog jonk was? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wat was verkeerd met die kraai toe die broer hom opgetel het?

A Sy een vlerk het seergekry.
B Sy snawel was stomp.
C Hy kon nie byt nie.
D Hy het yl vlerkvere gehad. (1)

7.3 Hoe lank het dit geduur voordat die kraai begin eet het? (1)

7.4 Gee EEN rede waarom die kraai nie wou eet nie. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"My broer se kraai was die duiwel in" beteken die kraai was ... omdat hy gevang is.

A baie tevrede
B baie siek
C baie kwaad
D fris en gesond (1)

7.6 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.6.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Die kraai | A | Hy was lief vir die kraai en hy wou hom nie loslaat nie. |
| 7.6.2 | Die verteller se broer | B | Hy het gevoel dat die kraai liewer losgelaat moet word. |
| 7.6.3 | Vossie | C | Hy was ongelukkig en hy maak homself seer. |
| 7.6.4 | Die verteller | D | Ons almal het gesê dat die kraai gelos moet word. |
| | | E | Hy het elke oggend oor die onderdeur kom brood bedel. |

(4 x 1) (4)

7.7 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.7.1–7.7.4) en die woord neer.

| seergemaak; besluit; gevang; losgelaat; vermy; beveel |
|---|

Die broer het gevoel dis sy kraai. Hy het die kraai (7.7.1) ... en hy sou (7.7.2) ... wat vir die kraai die beste was. Ons het my broer oortuig dat dit vir die kraai beter sou wees as hy (7.7.3) ... word. Die kraai was ongelukkig en die kraai het homself (7.7.4) ... (4)

7.8 Die verteller se broer het moeite gedoen om die kraai te versorg.

7.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.8.1. (1)

7.9 Hoekom het die familie later die hok begin vermy? (1)

7.10 Waarom het die verteller se broer uiteindelik die kraai losgelaat? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Maar drie dae later, die oggend, het ek net ná dagbreek wakker geword en in die bed gelê en luister hoe dit bietjie vir bietjie op die werf Woensdag word. Simon het met die voetpad aangesing gekom, toe was daar melkemmers, toe het die hoenders uit die mangobome afgefladder en kloekend weggestap. En die kombuisdeur het geklap. Simon het vuur gemaak – ek kon die stoofyster hoor klink.
> Toe lag daar iemand luidrugtig op die werf.

7.11 Hoekom het die verteller se broer nie weer die hok toegemaak nie? (1)

7.12 Hoe het die kraai gewys dat hy regtig die broer se kraai was? (1)

7.13 Watter les kan jy uit die kortverhaal leer? (1)
**[20]**

**OF**

***KINDERS VAN DIE AARDE* – CHARLES FRYER**

**VRAAG 8: DIE OOREENKOMS – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het: Jakob en Willem.
Hulle was van die eerste intrekkers by die nuwe Rusoord; albei vlak in die sewentig, gesond van liggaam en verstand, en vasberade om van die laaste skof nog iets te maak. Die kamer wat hulle moes deel, was aan die sonsy van die gebou, ruim, en met huisgoed uit albei se verlede gemeubileer soos toegelaat deur die reëls van die Bestuur.

8.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies om die sin te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Die nuwe Rusoord was 'n (hospitaal/ouetehuis). (1)

8.2 Wat het Jakob en Willem elke aand stiptelik om halfses gedoen? (1)

8.3 Waarna het Jakob en Willem oor die radio geluister? (1)

8.4 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.4.1–8.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.4.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.4.1 | Willem | A | was die Koningstrein se "drywer". |
| 8.4.2 | Sarah | B | het kom sê dat Willem dood is. |
| 8.4.3 | Matrone | C | het te veel gepraat. |
| 8.4.4 | Jakob | D | het by die landboukoöperasie gewerk. |
| | | E | was die verteller van die storie. |

(4 x 1) (4)

8.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Waarteen het Jakob vir Willem vroeg gewaarsku?

A Vroumense
B Doodgaan
C Drankmisbruik
D Eensaamheid (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Eers die aand, nadat dit stil geword het in die Rusoord, ruk die vrees onverwags in hom los: die ooreenkoms! Sê nou ... om in die lewe ŉ ooreenkoms te maak oor ná die dood, is een ding; om dit skielik enige oomblik te wagte te wees, is ŉ ander ding.<br>"Willem," pleit hy sommer reguit, "ek dink ons beter die ding maar los. My hart sal nie dié skok nog by die ander skok kan staan nie ..." |

8.6 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik.
Skryf slegs die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) en die woord neer.

| |
|---|
| hoop; dood; teken; lewe; hand; persoon |

Die ooreenkoms was: die (8.6.1) ... wat eerste gaan, sal ŉ (8.6.2) ... kom gee sodat die een wat agterbly, kan weet of daar (8.6.3) ... na die (8.6.4) ... is. (4)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Na Willem se dood, was Jakob bang vir die …

A mense.
B spook.
C vrouens.
D matrone. (1)

8.8 Willem was ŉ wewenaar.

8.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.8.1 met ŉ rede uit die kortverhaal. (1)

8.9 Jakob was hartseer oor die dood van sy twee vrouens, maar toe hy Willem verloor het, was die hartseer anders.

Wat maak Jakob se hartseer oor Willem se dood anders? (1)

8.10 8.10.1 Watter deel van die kortverhaal het jou hartseer gemaak? (1)

8.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.10.1. (1)

8.11 Waarom kan ons saamstem dat Willem om halfses vir Jakob ŉ teken kom gee het? (1)

8.12 Watter les kan jy uit Jakob en Willem se lewens leer? (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VRAAG 9: LEUENS – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Plotseling word sy bewus dat iemand langs haar staan. Sy kyk op en hoor ŉ bekende stem, met vreugdevolle verrassing daarin: “Ek dag dit is jy, Naomi! Ek was eers nie seker nie. En hoe gaan dit met jou?”
> “O, goed dankie. O, dis jy, Olga!” Naomi se gedagte fladder soos ŉ voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie. Altyd as sy haar welgestelde vriendinne ontmoet, dan word die onrus in haar opgejaag, dan is sy vaag verward en wil net wegkom voordat vrae oor haar huislike lewe begin.

9.1 Waar het Naomi en Olga mekaar leer ken? (1)

9.2 Hoe lank gelede het Olga en Naomi met mekaar gesels? (1)

9.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Naomi kon sien Olga was ryk, want sy het …

A ŉ duur model hoed gedra.
B mooi juwele gedra.
C ŉ syrok aangehad.
D duur leerskoene gedra. (1)

9.4 Noem EEN leuen wat Naomi in hierdie verhaal vertel het. (1)

9.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

In watter woonbuurt het Olga gebly?

A Westcliff
B Saxonwold
C Melville
D Vredendorp (1)

9.6 Naomi het nie goed op skool presteer nie.

9.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.6.1 met ŉ feit uit die kortverhaal. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

"Ja," antwoord Naomi, "ek sal graag wil help as ek kan," maar in haar hart skryn dit. Sy moet op haar lippe byt, want trane wil in haar oë kom. Sal sy nie maar bely nie, sê dat dit alles ŉ bedrog is! Maar die woorde huiwer net tot op haar lippe, dit kan nie by haar onvernietigbare onafhanklikheidsgees verby nie.

9.7 Hoe het Olga geweet dat Naomi gejok het oor waar sy woon? (1)

9.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (9.8.1–9.8.4) en die woord neer.

balle; dromer; jammerte; idealis; speelgoed; tolletjies

Olga het alles van die lewe gekry wat sy verlang het. Haar kinders het met duur (9.8.1) ... gespeel. Naomi was ŉ (9.8.2) ... Haar kind het met (9.8.3) ... gespeel. Olga het ŉ (9.8.4) ... vir Naomi gevoel. (4)

9.9 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.9.1–9.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.9.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.9.1 | Dr. Henly | A | was ŉ spesialis in senuweesiektes. |
| 9.9.2 | Olga se man | B | was ŉ onderwyser. |
| 9.9.3 | Naomi se pa | C | het in Westcliff gebly. |
| 9.9.4 | Naomi se man | D | was voorheen ŉ ryk boer. |
| | | E | was ŉ sakeman. |

(4 x 1) (4)

9.10 9.10.1 Watter deel van die storie maak jou ongelukkig? (1)

9.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.10.1. (1)

9.11 Hoekom het Naomi leuens vertel? (1)

9.12 Watter les kan jy uit hierdie verhaal leer? (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG*** **– Pirow Bekker**

**VRAAG 10: OPGANG – Ina Roussouw**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Kyk wat het ek hier!" het hy uitgeroep toe hy teen sononder by die huis aankom.
> Op die kombuistafel het hy die kis neergesit, amper in 'n poel koffie wat Hannetjie in haar verstomming uitgestort het.
> "Wie s'n is dit, Lukas?" het sy gevra, haar swart ogies smal van nuuskierigheid in haar maer gesig.
> Toe het hy gelag, byna so lekker soos die aand by oom Lemmer-hulle toe hulle mekaar die eerste keer ontmoet het, en hy asyn in haar koffie gegooi het.
> "Dis joune," het hy gegiggel.
> "Myne, Lukas?"
> "Ja, mens. Verbrands.

10.1 Waar het Hannetjie altyd haar naaldwerk laat doen? (1)

10.2 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoe het Hannetjie gevoel om altyd by ander mense haar naaldwerk te gaan doen?

A Gelukkig
B Vernederd
C Dom
D Slim (1)

10.3 Lukas het die masjien kontant gekoop.

10.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.3.1. met 'n feit uit die kortverhaal. (1)

10.4 Noem EEN ding wat Hannetjie met die masjien wou maak. (1)

10.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wie was die enigste persoon wat die nuwe masjien mag gebruik het?

A Drien
B Hannetjie
C Lukas
D Katrien (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Sy neem hulle die sitkamer binne en trek die gordyne oop, sodat die blou buitelig oor die deksel stroom.
> Sy haal die deksel af, en daar staan hy toe voor die vrouens en pronk met sy blink nek en lyfie, asof hy gretig is om haar tot eer te strek.

10.6 Wie het vir die twee vrouens vertel dat Hannetjie die masjien gekry het? (1)

10.7 Hoe het Hannetjie gevoel toe die twee vrouens die masjien bekyk het? (1)

10.8 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (10.8.1–10.8.4) en die woord neer.

| aansien; nekkie; masjien; rykdom; vriend; vrou |
|---|

Hannetjie kon die (10.8.1) … sommer opvreet. Sy wou haar arm om sy (10.8.2) … slaan en hom teen haar vasdruk, so dol was sy oor hom. Hy het haar 'n (10.8.3) ... van (10.8.4) … gemaak. (4)

10.9 Kies die aanhalings uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.9.1–10.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.9.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.9.1 | Katrien | A | "Jy moet ophou om bedees te wees teenoor die ander ... " |
| 10.9.2 | Lukas | B | "Pragtig-pragtig-pragtig!" |
| 10.9.3 | Meisie Minnaar | C | "Kan ek 'n lappie gaan haal en voel hoe stik hy?" |
| 10.9.4 | Hannetjie se skoonsuster | D | "Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem, ..." |
| | | E | "Die dae van wonderwerke is nog nie verby nie." |

(4 x 1) (4)

10.10 10.10.1 Die titel van die verhaal is "Opgang".

Wat beteken dit om **opgang te maak**? (1)

10.10.2 Hannetjie het opgang in die lewe gemaak.

Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.10.1 deur na die masjien te verwys. (1)

10.11 10.11.1 Watter deel van die storie het jou ongelukkig gemaak? (1)

10.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.11.1. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou